# Zuma se 'nag van die lang messe'

## Dank glo 13 ministers, insluitende Gordhan, af

**Politieke redaksie**

Die drama rondom 'n kabinetskommeling het gisteraand laat 'n wending begin neem toe pres. Jacob Zuma die topses leiers van die ANC na 'n "dringende vergadering" in Pretoria ontbied het.

Hoewel geen inligting om 23:00 met druktyd bekend was of bevestig kon word nie, het gerugte op sosiale media en die Gupta-beheerde TV-kanaal, ANN7, die ronde gedoen dat Zuma dertien ministers, insluitende Pravin Gordon, adjunkminister van finansies, en ses adjunkministers, afgedank het.

Die ministers is glo Gordhan, Aaron Motsoaledi (gesondheid), health), Rob Davies (handel en nywerheid), Ebrahim Patel (ekonomiese ekonomiese ontwikkeling, Thulas Nxesi (openbare werke), Blade Nzimande (hoër onderwys en opleding), David Mahlobo (intelligensie), Derek Hanekom (toerisme), Fikile Mbalula (sport), Nkosinathi Nhleko (polisie), Lynne Brown (openbare ondernemings), Bathabile Dlamini (maatskaplike ontwikkelings en Susan Shabangu (vroue).

Zuma sou om middernag 'n nuuskonferensie hou waar hy besonderhede bekend sou maak. Dit was nie bekend wie hy as opvolgers aangestel het nie.

Die rand het teen 21:00 gisteraand R12,94 teen die Amerikaanse dollar verhandel en op sy laagste teen 22:20 op R13,27.

Vroeër gister het **Bloomberg**- aan die hand van gesprekke met vier bronne berig dat 12 kabinetslede én adj.pres. Cyril Ramaphosa oorweeg het om te bedank as Zuma Gordhan sou pos.

Die ministers en adjunkministers wat dit oorweeg om te bedank, sal dan glo ook as LP's aanbly en moontlik 'n mosie van wantroue in die president steun of buite stemming bly as so 'n mosie ingedien word.

*Die Burger* het vroeër verneem informele gesprekke het ook tussen ANC- en EFF-LP's plaasgevind.

Dit is egter deur Mbuyiseni Ndlozi, EFF-woordvoerder, ontken.

Gerugte het ook die ronde gedoen dat Zuma glo aangebied het om in aanstaande jaar as staatshoof uit te tree as die ANC se topses leiers instem dat hy Gordhan dadelik afdank.



**Julius Malema, EFF-leier, word gister by die konstitusionele hof in Johannesburg deur skoliere oorval. Die skoliere was op 'n uitstappie na die hof.** Foto: CORNÉL VAN HEERDEN

> **Zuma het glo aangebied om in 2018 uit te tree as ANC-leiers instem dat hy Gordhan nóú afdank**

**Reuters** het berig "twee senior bronne" in die ANC het dié inligting aan die nuusagentskap verskaf.

Zuma gaan op die party se nasionale konferensie in Desember as ANC-leier vervang word, maar hy sal na verwagting tot die algemene verkiesing in 2019 as staatshoof aanbly.

Sommige senior ANC-lede wil hê Zuma moet nóú gaan en plaas druk op hom om 'n kompromis te vind, lui die berig.

"Hy moet net gaan. Ons het nie sy aanbod nodig nie.

"Hy moet net gaan voordat hy ons land vernietig," het 'n senior ANC-lid aan Reuters gesê.

Julius Malema, EFF-leier, het voor gisteraand se "nag van die lang messe" gesê donker wolke pak oor Zuma se kop saam en dat sy dae getel is.

Die EFF het gister 'n aansoek by die konstitusionele hof ingedien waarin die hof gevra word om die parlement te dwing om Zuma in 'n staat van beskuldiging te plaas, of dat tugstappe teen hom gedoen word oor die Nkandla-debakel waarin Zuma die Grondwet geminag het. Cope en die UDM is deel van dié aansoek.

Malema het gesê ministers word deur die parlement aanspreeklik gehou, maar Zuma is nooit vir die Nkandla-debakel verantwoordbaar gehou nie.

Die SAKP het ook gister bevestig dat Zuma hom ingelig het dat hy Gordhan en sy adjunk, Mcebisi Jonas, wil afdank.

Die SAKP het dié voorneme verwerp.

Solly Mapaila, tweede adjunkhoofsekretaris van die SAKP, het op 'n mediakonferensie gesê dit is onaanvaarbaar dat Zuma staatmaak op 'n twyfelagtige en swak geskrewe "intelligensieverslag" getiteld "Operasie Skaakmat" as rede waarom Gordhan en sy adjunk se kop moet rol.

Die DA het gesê hy gaan Isaac Dintwe, inspekteur-generaal van intelligensie, versoek om die bewering te ondersoek dat dié "verslag" tot die drama om Gordhan gelei het.

Die DA het ook aangekondig dat hy 'n mosie van wantroue in Zuma in die parlement ter tafel gaan lê weens sy "roekelose aanslag" op die ekonomie.

■ Zuma het gister by die parlement net gegiggel toe hy deur verslaggewers uitgevra is oor 'n moontlike kabinetskommeling gister.

**Nog berigte op bl. 2,**

**BUTHELEZI MAAN:**

# ‘Pasop vir vonk, JZ’

## ‘Sulke grondonteiening kan SA soos Zim maak’

**Jan Gerber**

Moenie die vonk verskaf wat die land kan afbrand nie.

Dit is Mangosuthu Buthelezi, IVP-leier, se boodskap aan pres. Jacob Zuma oor grond.

Sy toon was dalk eerbiedig, maar Buthelezi het nie doekies omgedraai toe hy gister aan die debat oor Zuma se rede voor die Raad van Tradisionele Leiers deelgeneem het nie.


Op 3 Maart het Zuma die EFF-leier, Julius Malema, se woorde oor ’n verandering aan die Grondwet om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak, geëggo en gesê: “Die swart partye moet oor dié kwessie verenig.”

Hy het daardeur in werklikheid die ANC-koukus tereggewys wat ’n paar dae vantevore teen ’n EFF-mosie gestem het dat die Grondwet gewysig moet word om grondonteiening sonder vergoeding moontlik te maak.

Gister het Buthelezi homself as ’n “protagonis in die opstel van die Grondwet” beskryf en Zuma deurlopend as “U Eksellensie” aangespreek.

Hy is “baie besorg” oor Zuma se uitlatings in die rede voor die raad.

“Ons almal stem saam dat grond ’n dringende kwessie is, maar ek vrees as ons die Grondwet verander, plaas ons vrede, versoening en beleggings in die land op die spel.”



Mangosuthu Buthelezi Foto: LERATO MADUNA

Buthelezi sê dit is hoekom hy saam met die ANC teen die EFF-mosie gestem het.

“Die waarskuwingstekens is daar – ons het gesien wat in ons buurland Zimbabwe gebeur het. Wat sal anders in Suid-Afrika wees as ons dié kans waag?

“Ons was tot dusver baie versigtig om nie die vonk te verskaf wat ons land kan laat afbrand nie.”

Buthelezi sê ook die regering kon reeds baie verder gevorder het met grondhervorming as dit nie vir korrupsie was nie.

Buthelezi het nie ’n woord gerep oor die gissings dat Zuma op die punt is om Pravin Gordhan, minister van finansies, uit die kabinet te skop nie.

Zuma het stil in sy bank gesit en aantekeninge gemaak terwyl Buthelezi gepraat het. Toe Buthelezi klaar gepraat het, het Zuma in sy rigting geknik.

In sy toespraak het Zuma gesê: “Toe ons vir vryheid geveg het, het ons geveg om te kan geniet wat God ons gegee het. Dit is van ons weggevat.”

Hy het gesê sommige mense kry skaam wanneer hy “die waarheid” hieroor praat.

Daar is armoede omdat mense destyds van grond ontneem is en Suid-Afrika is die enigste land waar die meerderheid nie die ekonomie beheer nie, het Zuma gesê.

“Dit is ’n saak waaroor ons móét praat; dit gaan nie daaroor om met mense te baklei nie.”

Die grondvraagstuk is volgens hom ’n kernaspek van versoening.

“Hoe kan ons vrede en stabiliteit in dié land hê as die grondvraagstuk nie opgelos word nie?”